

DOELWIT: Lees, interpreteer en teken 'n dubbele staafgrafiek.

HULPBRONNE: Skryfpapier; Skryfbehoeftes; Handboek (*Almal Verstaan Wiskunde*)

LES:

1. Hoofreken:

Doen die volgende somme (mondelings/skriftelik).


$$\begin{array}{cccc}
 72 \div 9 = & 4 \div 2 = & 10 \times 3 = & 5 \times 1 = \\
 7 \times 5 = & 12 \times 3 = & 36 \div 9 = & 5 \div 1 = \\
 10 \times 11 = & 88 \div 8 = & 35 \div 7 = & 63 \div 7 = \\
 54 \div 9 = & 60 \div 5 = & 77 \div 11 = & 11 \times 2 = \\
 1 \times 2 = & 54 \div 6 = & 8 \div 1 = & 11 \div 1 =
 \end{array}$$

2. Aktiwiteite:

2.1. Ons gaan vandag net op **dubbele staafgrafieke** fokus.

BELANGRIKE KONSEPTE:

- 'n **Dubbele staafgrafiek** het **stawe** wat twee **verskillende kleure** is.
- Kyk na die **VOORBEELD** en let op watter elemente (dinge) moet teenwoordig wees:



Gr.6-leerders se tipe vervoer skool toe	Seuns	Meisies
Minibus	5	3
Fietsry	2	1
Motor	14	20
Skoolbus	8	10
Stap	12	6

Die sleutel wys watter data deur elke kleur staaf aangedui word.

2.2. Gebruik die bogenoemde dubbele staafgrafiek om die volgende vrae te beantwoord.

- Watter data is ingesamel?
- Wat is die byskrif(te) van die horisontale as?
- Wat is die byskrif(te) van die vertikale as?
- Wat is die intervalle op vertikale as?
(In watter eenheid/getalle word daar getel?)
- Wat is die gewildste vervoermiddel skool toe?
- Watter vervoermiddel word meer deur meisies as seuns gebruik?
- Hoeveel meisies het aan hierdie opname deelgeneem?
- Hoeveel seuns het aan hierdie opname deelgeneem?
- Watter breukdeel van die seuns stap skool toe?
- Watter breukdeel van die meisies ry met 'n minibus skool toe?
- Waarom dink jy ry so min kinders fiets?

2.3. Jy gaan nou data vanuit jou handboek gebruik om self 'n **dubbele staafgrafiek** soos die voorbeeld hierbo te teken.



Aktiwiteit 2 Bl.61-62 no.2



Hier is 'n **KONTROLELYS** om seker te maak jy vergeet nie iets nie:

- Beskrywende opskrif (Heelbo & Dit bevat gewoonlik 'n WIE en 'n WAT)
- Sleutel aangedui (Twee verkillende kleure Bv. Groen = Meisies & Rooi = Seuns)
- Stawe korrek geteken volgens totale in die tabel
- Spasiëring (Spasies voor én na elke paar stawe)
- Intervalle op vertikale \hat{u} as (Bv. Tel in 2's)
- Byskrif vir vertikale \hat{u} as (Wat getel word - Bv. Aantal karre)
- Byskrifte vir horisontale \Rightarrow as (Verskillende soort items wat getel word – Bv. Karre: Toyota, Opel ...)
- Alle lyne word altyd met 'n liniaal en 'n potlood geteken!**

ANTWOORDE:

1. Hoofreken:


$$\begin{array}{cccc} 72 \div 9 = 8 & 4 \div 2 = 2 & 10 \times 3 = 30 & 5 \times 1 = 5 \\ 7 \times 5 = 35 & 12 \times 3 = 36 & 36 \div 9 = 4 & 5 \div 1 = 5 \\ 10 \times 11 = 110 & 88 \div 8 = 11 & 35 \div 7 = 5 & 63 \div 7 = 9 \\ 54 \div 9 = 6 & 60 \div 5 = 12 & 77 \div 11 = 7 & 11 \times 2 = 22 \\ 1 \times 2 = 2 & 54 \div 6 = 9 & 8 \div 1 = 8 & 11 \div 1 = 11 \end{array}$$

2. Aktiwiteite:

- 2.2. a) Gr.6-leerders se tipe vervoer skool
b) Tipe vervoer: Minibus; Fietsry; Motor; Skoolbus; Stap
c) Aantal leerders
d) Tel in 5's
(In watter eenheid/getalle word daar getel?)

- e) Motor
- f) Motor & Skoolbus
- g) $3 + 1 + 20 + 10 + 6 = 40$ meisies
- h) $5 + 2 + 14 + 8 + 12 = 41$ seuns
- i) 12 uit 41 seuns stap = $\frac{12}{41}$ (antwoord moet 'n breukdeel wees)
- j) 3 uit 40 meisies ry met 'n minibus = $\frac{3}{40}$ (antwoord moet 'n breukdeel wees)
- k) **Moontlike** antwoorde:
- Die meeste leerders bly baie ver van die skool af.
 - Dit is veiliger om te ry as om te stap.
 - Dit is te koud om te stap.

2.3. Aktiwiteit 2 Bl.61-62 no.2



Spasie voor elke staaf ✓

Alle lyne is netjies met 'n liniaal geteken ✓

Merk jou dubbele staafgrafiek en gee vir jouself 'n punt. Gebruik die onderstaande rubriek:

Kriteria	Puntetoekenning	Jou punt
Beskrywende opskrif (met 'n WIE en 'n WAT)	2	
Vertikale as	1	
Vertikale as byskrif	1	
Horisontale as	1	
Horisontale as byskrifte	2	
Intervalle op vertikale as	1	
Sleutel (met twee verskillende kleure)	2	
Spasie voor elke paar stawe	1	
Stawe korrek geteken	10	
Alle lyne is netjies met 'n liniaal geteken	1	
TOTAAL	22	